**Sondag 1 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38; HK Sondag 11, Vraag 29**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:31**

## Die Naam Jesus

Die naam *Jesus* is vir ons ’n besondere naam, omdat ons dit net aan een Persoon verbind, naamlik Christus, die Seun van God. In die tyd van Jesus se omwandeling op aarde was daar egter baie mense wat die naam gedra het (vgl. Kol. 4:11). Die naam Jesus is die Griekse weergawe van die Hebreeuse naam wat in Afrikaans as *Josua* of *Jesua* weergegee word. Die naam Jesus beteken: die Here verlos.

In die Ou-Testamentiese tyd was daar veral twee besondere persone wat die naam gehad het. Die een was Josua, die opvolger van Moses, en die ander een was Josua (Jesua), die hoëpriester, wat saam met Serubbabel die Jode uit die ballingskap in Babel na Kanaän teruggelei het (Esra 2:2; Sag. 3).

Iets van die werk van die groot Josua wat sou kom, sien ons reeds as ons na die twee genoemde persone uit die Ou Bedeling kyk. Trouens, beide van hulle het Israel vanuit ’n situasie van ontbering die land Kanaän ingelei: die eerste Josua uit die omswerwings in die woestyn en die tweede Josua uit die ballingskap in Babel, en daarom sien ons by beide van hulle reeds ’n heenwysing na die ander Josua wat sou kom om sy volk, die ware, geestelike Israel, uit die geestelike ontbering en verknegting deur sonde, smart en lyding in die hemelse Kanaän met sy ewige heerlikheid en saligheid in te lei.

Ons moet die verband tussen hierdie twee Josuas en Jesus goed raaksien, want so het God die *naam* voorberei wat sy Seun by sy geboorte uit Maria sou ontvang. As God dan deur ’n engel afsonderlik aan Josef en Maria sê dat die Kind van Maria *Jesus* genoem moet word (Matt. 1:21; Luk. 1:31), besef ons dat dit nie sommer net ’n naam is nie, maar dat dit ’n heel beson-dere naam is. Die naam is aan Hom gegee omdat die betekenis van die naam duidelik in Hom gesien sal word. In Hom sal die naam Jesus sy volle betekenis kry, want dit is ’n helder afspieëling van sy wese. Die naam gee ten volle weer Wie en Wat Hy is en met watter doel Hy na hierdie wêreld gekom het. Die betekenis van die naam is trouens reeds deur die engel aangekondig toe hy van Jesus aan Josef gesê het: “*... want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos*” (Matt. 1:21). In ooreenstemming daarmee sê ons belydenis dat Jesus *Verlosser* beteken.